UNIVERSITY OF CAMBRIDGE INTERNATIONAL EXAMINATIONS
General Certificate of Education Advanced Subsidiary Level

**AFRIKAANS** **8679/02**

Paper 2 Reading and Writing **October/November 2007**

**1 hour 45 minutes**

Additional Materials: Answer Booklet/Paper

*7464320548*

**READ THESE INSTRUCTIONS FIRST**

If you have been given an Answer Booklet, follow the instructions on the front cover of the Booklet.
Write your Centre number, candidate number and name on all the work you hand in.
Write in dark blue or black pen.
Do not use staples, paper clips, highlighters, glue or correction fluid.

Answer **all** questions in **Afrikaans**.
Care in the use of language and sentence construction will count in your favour.
Dictionaries are **not** permitted.

At the end of the examination, fasten all your work securely together.
The number of marks is given in brackets [ ] at the end of each question or part question.

**LEES EERS HIERDIE INSTRUKSIES**

Indien jy 'n vraestel/antwoordboek ontvang het, moet jy die instruksies op die voorste bladsy uitvoer.
Skryf jou sentrumnommer, kandidaatnommer en naam op al die stukke wat jy gaan inhandig.
Skryf met 'n donkerblou of swart pen.
Moenie krammetjies, skuifspelde, glanspenne, gom of flaterwater gebruik nie.

Beantwoord **alle** vrae in **Afrikaans**.
Punte word toegeken vir taalgebruik. Goeie sinskonstruksie sal ook in jou guns tel.
Woordeboeke word **nie** toegelaat nie.

Maak seker aan die einde van die eksamen dat jou werk stewig vasgemaak is.
Die aantal punte word tussen hakies [ ] aan die einde van elke vraag of deel van 'n vraag gegee.



SP (FF) T24865/3
© UCLES 2007

## Afdeling 1

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

### Vet kinders, siek grootmense

Die twaalfjarige seun sak snakkend na asem op die rugbyveld neer – ná net 'n paar meter. Die inspanning was 'n bietjie te veel vir sy oor-oorgewig lyf. Sy klasmaats draf verby en grynslag met venynige aanmerkings, wat hom in die grond laat wegsink. Vernederings soos dié gaan jare lank by hom spook.

Oorgewig kinders is geneig om 'n lae selfbeeld te hê en voel dikwels alleen. Ons kinders word al hoe ronder en dit skep nie net sielkundige probleme nie, maar ook gesondheidsprobleme.

Vet kinders word vet grootmense wat meer geneig is om hartaanvalle en ander siektes te kry. Westerse leefwyse veroorsaak 'n verandering in die slagare wat tot hartaanvalle en beroerte kan lei. Hoë bloeddruk en hoë cholesterolvlakke by tieners het gestyg. Bloeddruk styg met ouderdom wat niks goeds voorspel vir kinders wat alreeds hoë vlakke het nie. Vetsug veroorsaak ook asemhalingsprobleme, veral die obstruksie van die lugweg omdat jou diafragma en respiratoriese spiere nie normaal kan beweeg nie. Kinders ontwikkel ook asma.

Die bevolking verhuis van die platteland na die stede en hulle dieet van koolhidrate word vervang deur een wat uit vet en verfynde kosse bestaan. Die kitskos is goedkoop, gerieflik en boonop lekker en die porsies word al hoe groter. Kinders word aangemoedig om meer te eet en hulle is minder aktief. Die gemiddelde kind bestee drie tot vyf uur per dag voor die televisie of met rekenaarspeletjies. Baie skole bied ook nie meer fisieke aktiwiteite as deel van die sillabus aan nie, of daar is nie geriewe daarvoor nie. Kinders word oral rondgekarwei.

Vetsugtige kinders vaar ook somtyds sleg op skool en toon tekens van aandagafleibaarheid wat aan slaapprobleme gekoppel kan word. Kinders is so oorgewig dat klerevervaardigers nie hul produkte kan maak volgens die mates wat tien jaar gelede gebruik is nie. Groter stoele en beddens word ook benodig.

Navorsing toon 'n derde van alle ma's dink hul oorgewig kinders se gewig is perfek. Hul maats met wie sy hulle vergelyk is heelwaarskynlik óók oorgewig. Ouers en tieners is steeds geneig om dit as 'n sosiale en kosmetiese eerder as 'n gesondheidsprobleem te beskou.

Kenners voorspel dat ouers hul vet kinders gaan oorleef. Daar is steeds ouers wat beweer dat dit babavet is en dat hul kinders blakend gesond is.

**1** Gee 'n kort definisie in Afrikaans vir die volgende woorde, soos dit voorkom in die artikel:

*Voorbeeld:* bevolking (reël 13).
*Antwoord:* die inwoners.

**(a)** venynige (reël 3) [1]

**(b)** verhuis (reël 13) [1]

**(c)** bestee (reël 16) [1]

**(d)** aandagafleibaarheid (reël 19) [1]

**(e)** blakend (reël 27) [1]

[Totaal : 5]

**2** Verduidelik die volgende sinne **in jou eie woorde.** Begin jou sinne met die woorde tussen hakies.

*Voorbeeld:*

*Vraag:* Ouers gaan hul kinders oorleef. (Ouers gaan …)
*Antwoord:* Ouers gaan langer leef as hul kinders.

**(a)** Oorgewig kinders is geneig om 'n lae selfbeeld te hê (reël 5).
(Daar is 'n neiging onder oorgewig kinders om…) [1]

**(b)** Die kos is goedkoper (reël 14).
(Die kos….) [1]

**(c)** Hulle is minder aktief (reël 16).
(Hulle ….) [1]

**(d)** Daar is nie die geriewe daarvoor nie (reël 18).
(Die..) [1]

**(e)** Kinders word rongekarwei (reël 18).
(Kinders word….) [1]

[Totaal : 5]

**3** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans in jou eie woorde**. Bepaal jou by die teks, maar moenie sinne direk uit die teks oorskryf nie.

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik, dus 15 + 5 = 20.)***

**(a)** Beskryf die klasmaats se houding teenoor die vet rugbyspeler. [2]

**(b)** "Vernederings soos dié gaan jare lank by hom spook" (reël 3). Verduidelik wat hiermee bedoel word. [2]

**(c)** Gee **vier** voorbeelde van "Westerse leefwyse" soos dit in die teks voorkom. [4]

**(d)** Wat kan jou suurstofinname beperk? [2]

**(e)** Watter probleme kan ontstaan as kinders nie genoeg slaap nie? [2]

**(f)** "Klerevervaardigers kan nie hul produkte maak volgens die mates wat tien jaar gelede gebruik was nie" (reël 20). Verduidelik hierdie stelling. [2]

**(g)** Wat is party ouers se houding teenoor die feit dat hul kinders oorgewig is? [1]

[Totaal: 20 punte]

© UCLES 2007

**Afdeling 2**

Lees die volgende artikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

## Dieetsiekte

Daar is ’n nuwe dieetafwyking genaamd orthorexia nervosa. Dié obsessie met gesonde kos het die afgelope dekades toegeneem. Die moderne mens is oorbetrokke by sy gesondheid tot waar dit ’n obsessie word en dus ongesond.

Gesonde eetgewoontes gaan hand aan hand met balans. Net soos by ander eetafwykings gaan dit meer oor die sielkundige beheer as oor kos. Kos word die petrol wat die liggaam voed en gesond hou. ’n Obsessie met ’n gesonde dieet kan tot eetpatrone lei wat belangrike voedselgroepe uitsluit.

Een pasiënt het net geel kos geëet en ’n ander het net gedistilleerde water gedrink. Een egpaar wou na Australië toe verhuis omdat die plaaslike kos nie gesond genoeg vir hul kinders is nie. ’n Ander gee hul kinders tuisonderrig om hul dieet suiwer te hou. Hierdie mense voel hulle doen ’n goeie deugsame ding en is dikwels mense met geen ander belangstelling nie. Hulle ontdek gesonde kos en gaan oorboord, al is hulle nie andersins te gesondheidsbewus nie; hulle oefen byvoorbeeld glad nie. Gesondheidswinkels is waar hulle inkopies doen en ure lank oor hul dieet praat en ander wil “bekeer” om hulle dieet te volg.

Dr. Bratman, ’n deskundige op dié gebied, vertel hy het vroeër self aan die dieetsiekte gelei toe hy in beheer was van ’n organiese groentetuin. Mettertyd het hy net groente geëet wat vyftien minute vantevore gepluk was. Sy obsessie met ’n dieet sonder vleis, vet of chemikalië het dit vir hom onmoontlik gemaak om by vriende te gaan eet.

Die obsessie kan ontwikkel omdat jy ’n siekte wil oorkom, jou algehele gesondheid wil verbeter of omdat jy spysverteringsprobleme wil opklaar. ’n Soeke na eiewaarde, ’n vrees vir ander mense, of ’n begeerte na beheer kan ook tot hierdie eetafwyking lei. Wanneer jy meerderwaardig teenoor ander begin voel en jy raak sosiaal geïsoleerd, want jou dieet maak dit vir jou moeilik om op ander plekke as tuis te eet, dan weet jy dat jy ’n kos-obsessie het.

© UCLES 2007

**4** Beantwoord die volgende vrae in **Afrikaans in jou eie woorde**. Bepaal jou by die teks, maar **moenie** sinne direk uit die teks oorskryf nie.

***(Die begripstoets tel 15 punte en 5 punte word toegeken vir taalgebruik dus 15 + 5 = 20)***

**(a)** Wat beteken: "Die obsessie met gesonde kos" in die tweede sin van die artikel? [2]

**(b)** Verduidelik wat bedoel word met die stelling: "Gesonde eetgewoontes gaan hand aan hand met balans" (reël 4). [2]

**(c)** Hoekom voel mense met hierdie dieetafwyking dat hulle "doen 'n deugsame ding" (reël 10–11)? [2]

**(d)** Wat word bedoel met: "Hulle ontdek gesonde kos en gaan oorboord" (reël 11)? [2]

**(e)** Hoekom wil mense met hierdie afwyking ander "bekeer" (reël 14)? [2]

**(f)** Waarom kon Dr. Bratman nie by sy vriende gaan eet nie? [3]

**(g)** Watter sielkundige probleme kan lei tot orthorexia nervosa? [2]

[Totaal : 20]

**5** Beantwoord die vrae in **Afrikaans**.

**(a)** Vergelyk die ongesonde eetgewoontes in die twee artikels. Skryf ongeveer 100 woorde. [10]

**(b)** Volgens jou eie mening, hoe kan eetafwykings voorkom word? [5]

[Taalgebruik: 5]
[Totaal: 20 punte]

BLANK PAGE

BLANK PAGE

**BLANK PAGE**

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

University of Cambridge International Examinations is part of the Cambridge Assessment Group. Cambridge Assessment is the brand name of University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is itself a department of the University of Cambridge.